

'n Pastorale bril op water

Hierdie artikel bevat transkripsies van spreekkamergesprekke met boere wat ingestem het dat hulle anoniem aangehaal mag word.

1. Water, deur 'n pastorale bril gesien

Soos 'n hert wat smag na waterstrome,
So smag my siel na U, o God.
Psalm 42 (Die Bybel, 1953-vertaling)

Droogte kom aan die orde. Maar tege-lyk ook 'n groter, dieper dors. Die dors na God.

Jesus se aanbod aan die Samari- taanse vrou by die put om vir haar die lewende water te gee, sluit hierby aan: *Maar Jesus antwoord haar: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; Maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit weer dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom opborrel en vir hom die ewige lewe gee"* (Johannes 4:10 – 15).

Antropologies beskou, behels menswees die volle spektrum van ervaring, belewing en deurlewing. Karen Blixen (1988) skryf: *I have a farm in Africa*. Hier vind ons 'n sinspeling op die moeilike omstandighede waaronder boere op die kontinent 'n bestaan probeer maak.

2. Metafore vir water

Die Afrikaanse liedjieskrywer, Christopher Torr, eggenoot van die sangeres Laurika Rauch, is 'n plaasseun uit die Karoo by Graaff-Reinet. Sy liedjie, *Stuur groete aan Mannetjies Roux*, sluit by die boerderybestaan aan. Die tema van water is baie diep in dié liedteks ingebed.

Stuur groete aan Mannetjies Roux

*My oom se motor is 'n ou masjien
Hy maak dit vol met dieselien
En hy sing in die strate as hy ons kom sien
My oom is oud en ek is skaars dertien
My oom drink koffie en my tannie tee
Ek vra oor die reën en hy sê ja-nee
En hy drink soet koffie met sy een oog toe
En hy praat weer oor die drie van
Mannetjies Roux*

Refrein:

*O stuur ons net so 'n bietjie reën
My oom het 'n tenk vol dieselien
En seën my pa en seën my ma*



Johan Nel is 'n pastorale terapeut en geregistreerde sielkundige berader in privaatpraktyk, ook senior lektor in Praktiese Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat, en deeltydse predikant in Bloemfontein-Wes.

*En my oom op sy plaas in Afrika
Maar my oom het gesukkel op die plaas
Want die son was te warm en die reën te skaars*

*En die man van die bank het net sy kop geskud
Want my oom, ja my oom was te diep in die skuld*

*My oom se motor is 'n ou masjien
Hy maak dit vol met dieselien
En hy ry na die lande in die oggend
Die lande vaal en sy oë grou*

*En as jy in die oggend in die lande stap
Hoor jy nog sy motor met sy klak-klak-klak*

*Maar my oom, ja my oom se oë's nou albei toe
In sy brief stuur hy groete aan Mannetjies Roux*

Woorde en musiek: Christopher Torr

As agtergrond word die legendariese drie wat Springbokrugbyspeler, Mannetjies Roux, in 1962 teen die Britse Leeus gedruk het, aangehaal.

Die herinnering aan dié drie laat die oom (boer) bly hoop dat die onmoontlike soms kan gebeur. Ten spyte van die uitmergelende droogte, kan dit dalk tog reën! *Ek vra oor die reën en hy sê ja-nee ... (ja, ons hoop nog dat dit gaan reën, maar nee, die reën het nog nie gekom nie)*. Die refrein vorm die sekuriteit waaraan vasgehou word: *gebed. Stuur ons net 'n bietjie reën ...*

Waarskynlik ervaar die boer

wisselende emosies, hy drink koffie met sy een oog toe (*een oog kyk en sien die harde werklikheid, en ander oog is toe, die droogte is te erg om te aanskou*). Intussen gaan die lewe aan. Terwyl hy op die reën wag, kom *sien hy ons, hy ry deur die strate*.

Maar die tragedie speel uit: Die boer pleeg selfmoord. Die brief waarna verwys word, is die selfmoordbrief (*my oom, ja my oom se oë is nou albei toe, in sy selfmoord-brief stuur hy groete aan Mannetjies Roux*). Sy gebede en pleidooie by die bankbestuurder het op dowe ore geval, want *my oom was te diep in die skuld*.

Hy het vir oulaas uitgery na sy lande, en met grou oë op die dor landskap uitgekyk. Vermoedelik het hy homself in die lande in sy motor te vergas. *En as jy in die oggend in die lande stap, hoor jy nog sy motor met sy klak-klak-klak ...* Die dieselien wat gebruik sou word om die grond mee om te ploeg, word instrumenteel tot die selfmoord.

Droogte tref almal, oud en jonk. *My oom is oud en ek is skaars dertien*.

3. Boere se narratiewe

'n Boer vertel:

Ná byna twee jaar sonder 'n druppel reën, met geen vooruitsig, begin 'n mens die impak voel. Daar is net 50 persent van die diere oor, in gehawende toestand.

Jy word tot in jou gees gekonfronteer. Want dis wie ek is: lemand in wie se murg die veld en die diere kom sit het. Om aasvoëls op jou lande te sien draai, word 'n algemene, daaglikse belewenis. Nog 'n vrekte.

Almal loop deur. En dit bring ook die positiewe in mense na vore. Almal ondersteun mekaar. En die enigste manier wat jy dit kan hanteer, is deur jou geloof.

As jy my sou vra: Watter soort hulp het boere nodig?

Dan sou ek sê: Reën, natuurlik. Maar terwyl ons wag, het ons ondersteuning nodig. Van mekaar, maar ook uit die gemeenskap, veral van die kerk. In die meeste gevalle kry jy dit. Dit help, dis eintlik al wat help.

Jy is teleurgesteld in die regering. Maar jy is dankbaar teenoor ander. Boere wat nog voer het, stuur dit op eie koste.

Dis goed om dit te beleef. Die gebaar is net so belangrik soos die voer. Jy weet, mense wéét van jou.

4. Pastoraal-terapeutiese inset

Die turbulensie in die gemoedere van mense wat ly, raak elke faset van menswees. Kognitief en rasideel weet ons wat ons glo. Emosioneel voel ons soms baie naby aan God, en ander kere weer asof Hy ons verlaat het. Maar ons belééf weer eredienste. Ons kom agter dat trane soms verligting bring.

'n Boer: Maar in die eensame ure wanneer jy alleen is met jou gedagtes, begin jy twyfel aan dit wat altyd vir jou vanselfsprekende waarhede was. "God sal sorg", begin dun klink. Ons beleef dit nie nou nie. Uiteindelik ontdek ek: Dis gesond om soms te twyfel; dis goed om eerlik te wees daarvoor.

Die krag van 'n narratief is onder andere daarin geleë dat die brein nuwe paadjies begin vorm. Wanneer ons woorde, name gee aan wat ons dink en hoe ons voel, help dit om uiteindelik ook oplossings te kry. Krisisse dwing 'n mens om te dink, kreatief te raak.

Nuwe vrae word gevra. Uiteindelik kan die verhouding met God verder verdiep.

5. Nie 'n punt nie, maar 'n pad

Nog 'n boer: lewers tussen die wanhoop en die hoop kom die besef: My hele lewe is geskud. Familie, plaaswerkers, almal ly. Oud en jonk. Ek ontvang deernis, en vind dat ek ook self ook meer deernis het. Ek waardeer die ruimte wat mense my gee, maar ek gee ook ruimte. Ek voel dat ek gehoor word, daarom luister ek, ek voel dat ek verstaan word, daarom probeer ek ook beter verstaan. Ek ervaar dat niemand op my opgee omdat ek anders geword het nie, of kwaai of depressief is nie. En ek is dankbaar daarvoor.

Ek kan waag om saam met Job te sê: "Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien" (Job 42:5).

6. Die gang

In 1991 skryf Christopher Torr *Die gang*, as opvolg vir Mannetjies Roux.

Dit vertel die verhaal van 'n middeljarige vrou (dalk die 13-jarige

dogtertjie?) wat pas van haar man geskei is. Sy gaan kuier (weer) op die plaas, om weg te kom van die seer van haar egskending. Daar is nie elektrisiteit op die plaas nie.

Die sinspeling kan vertolk word as die vonk tussen man en vrou wat kan verdwyn. Menslike wantroue en verraad (soos die aarde draai sal 'n haan weer kraai) vorm deel van ons lewe en bestaan.

Die basiese emosie is weer onsekerheid, en die kwesbaarheid van die mens word uitgewys: "Die vlam is delikaat en fyn, en dit kan soos 'n dief in die donkernag verdwyn".

Uiteindelik seëvier die hoop. Op dié plaas het daar ná die droogte 'n tragedie afgespeel, maar die storm wat woed, bring ook weer reën (en sou kon vertaal met seën, soos die dogtertjie gebid het).

Sy maak die ontdekking, hoe traumaties ook al die gebeure, dit is noodsaaklik vir groei en vooruitgang. 'n Gang lei iewers heen. Dit doel daarvan is om 'n deurgang moontlik te maak. 'n Gang ook uit droogte. Geanker in wat deel is van ons bloed: geloof, hoop en liefde.

“As jy my sou vra: Watter soort hulp het boere nodig? Dan sou ek sê: Reën, natuurlik. Maar terwyl ons wag, het ons ondersteuning nodig. Van mekaar, maar ook uit die gemeenskap, veral van die kerk. In die meeste gevalle kry jy dit. Dit help, dis eintlik al wat help.”

“Jy is teleurgesteld in die regering. Maar jy is dankbaar teenoor ander. Boere wat nog voer het, stuur dit op eie koste. Dis goed om dit te beleef. Die gebaar is net so belangrik soos die voer. Jy weet, mense wéét van jou.”

Wie is GDN?

GDN is 'n netwerk van verteenwoordigers uit elke sinode van die NG Kerk, die VBO-forumlede (Communitas, Excelsus, Shepherd, asook Bybel-Media as borg) en ekumeniese vennote (onder meer uit die Hervormde Kerk en dienslewerars soos Helpflit en TIW).

GDN bedien 'n breër gemeenskap met die webtuiste (gemeentes.co.za)

waar hulpmiddels oor 'n wye spektrum beskikbaar gestel word. Die kwartaal-likse tydskrif *Kruisgewys* (alle artikels kan afgelaai word by die webtuiste, ook van Bybel-Media) word aan leraars in die NG Kerk, Afrikaanse gemeentes van die VG Kerk, Hervormde Kerk, Christelike Gereformeerde Kerk en Gereformeerde Kerke gestuur en redaksioneel versorg en geldelik geborg deur Bybel-Media.